DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

3/2025 7 Februarie 2025

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. WKOD-sistemiese toetsing
2. Skoolfonds
3. Atletiek
4. D6 Connect-toepassing
5. Leedwese
6. Tennis
7. Skoonste klasse
8. Skooltye
9. Personeelverjaardae
10. CSV – SOS
11. Klub 100 manne-aand

"Respect yourself enough to know you deserve the very best."

Afrikaanse woord van die week

Voortreflik: *Iets wat uitstekend of perfek is.*

2025 SKOOLKWARTALE

1ste: 15 Januarie – 28 Maart
2de: 8 April – 27 Junie
3de: 22 Julie – 3 Oktober
4de: 13 Oktober – 10 Desember

UIT DIE KAJUIT

Respek (2). Ons is steeds besig met die waarde van respek. Volgende week gee ons aandag daaraan dat ons respek vir onsself moet hê. Om respek vir onsself te hê beteken vir my dat jy trots is op wie en wat jy is. Verder is mens trots op wat jy doen en ook hoe jy dinge doen. Laastens om respek vir jouself te hê is om ook trots te wees op hoe jy lyk. Onmiddellik kom die volgende paar gedagtes hieroor by my op:

- Netheid van jou werk, op jouself, jou kleredrag, op jou omgewing, op jou eie goed.
- Deeglikheid van hoe dinge gedoen en deurgevoer word.
- Hoe jy praat, wat jy sê, die tipe woorde wat jy gebruik.
- Trots op jouself, jou werk, jou gesin en familie, jou skool.
- Selfvertroue om jouself te wees en reg op te tree in elke situasie.

Respek begin dus by jouself. Dit is die rede hoekom mens elke dag alles 100% goed moet doen. Kinders moet geleer word dat om dinge halfhartig te doen, nie die moeite werd is nie. Dit is iets wat ons elke dag by hulle moet tuisbring deur die regte voorbeeld te wees en aan te spreek waar nodig. Onthou die goue reël van respek: *Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê!* Seën vir almal.

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. WKOD-sistemiese toetsing

Jaarliks word alle graad 3 en 6 leerders onderwerp aan sistemiese toetsing van die WKOD in Wiskunde en Taal. Die uitslae van 2024, wat ons onlangs ontvang het, wys dat ons slaagsyfer en gemiddeldes eerstens ver bo die provinsiale uitslae is en tweedens ook aansienlik hoër is as ander kwintiel 5 skole wat soortgelyk aan Park is. Hierdie uitslae is weereens 'n onteenseglike bewys van die hoë akademiese standaard wat ons hier handhaaf en dat ons leerders op akademiese gebied vir geen skool hoef terug te staan nie. Ons is baie trots op ons leerders en personeel wat elke dag 100% gee. (Sien 'n opsomming van die uitslae onderaan die nuusbrief)

2. Skoolfonds

Baie dankie aan al ons ouers wat reeds hul skoolfonds vir die jaar betaal het. Skoolfonds vir 2025 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7:** **R13 200**
- **Graad R en RR:** **R13 500**

Ouers wat aansoek wil doen vir skoolfondskwytskelding of -verligting kan die nodige dokumente by die finansiële kantoor afhaal. Alle aansoeke moet teen 14 Februarie, tesame met die stawende dokumente, by die skool ingedien word. Ouers wat skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5%-korting op die jaar se skoolfondsrekening. Kontak Anneke Harmse vir enige navrae (sien die bankbesonderhede onder)

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.parklaerskool.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Di, 11 Feb: Diskonto-boekuistaliing
PSG-Atletiek (HBos)
Wo, 12 Feb: Diskonto-boekuitstalling
Krieket vs Hartenbos
Do, 13 Feb: Diskonto-boekuitstalling
Tennis vs Hartenbos (Juniors)
Valentynsokkie (Gr. 6 en 7)
Vr, 14 Feb: Valentynsdag gewone klere
Tennis: Reef Hudson-toernooi
Landsdiens-streekkamp
Sa, 15 Feb: Atletiek: MBaai-byeenkoms
Landsdiens-streekkamp

Adverteer in *Die Skippertjie*
R100 per plasing per week. Advertensies word in A4-grootte onderaan die nuusbrief geplaas. Kontak vir Anneke Harmse om die betaling te reël. Advertensies kan aan juf. Karen by 060 7212 192 gestuur word. Advertensies moet in JPEG-formaat gestuur word.

BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park Skoolfonds
Bank: First National Bank (FNB)
Rekeningnommer: 62035 761 081
Takkode: 210-314
Verwysing: Kind se naam, van en graad of toelatingsnommer

3. Atletiek

Ons atlete het geskitter tydens die Seksie B-byeenkoms van verlede naweek. Die volgende plekke is behaal:

- 1ste plekke: 101
- 2de plekke: 77
- 3de plekke: 56
- 4de plekke: 47

100% Parkies

Die volgende byeenkoms is die Mosselbaai-streekbyeenkoms wat op Saterdag, 15 Februarie plaasvind.

4. D6 Connect-toepassing

Om kommunikasie by die skool te verbeter is ons besig om oor te skakel na die *D6 Connect*-kommunikasiestelsel. Alle ouers en leerders word op die stelsel geregistreer sodat kommunikasie en inligting maklik deurgestuur kan word aan u as ouer. Laai asb. die toepassing *(App)* vanaf u foon of rekenaar se *Play store* af en kies Laerskool Park as u skool van keuse. Maak asb. seker dat u die korrekte skool kies.

d6 Connect
d6.co.za

Laerskool Park

5. Leedwese

Ons het verneem van die afsterwe van een van ons graad 6-leerders, Larissa Wessou, se moeder. Ons harte en gebede gaan uit na haar en haar familie.

6. Tennis

Tennisuitslae van die week teen Laerskool Vorentoe:

- Dogters 1ste span wen 5-3
- Seuns 1ste/2de span verloor 3-6 teen Vorentoe se 1ste span

Die Rooi- en oranjebal spelers het ook baie goed gevaar teen Laerskool Van Reede. Baie geluk aan al die tennisspelers vir goeie spel gelewer.

7. Skoonste klasse kompetisie

Baie geluk aan die volgende klasse wat hierdie week se kompetisie gewen het:

- 1ste – 4S
- 2de – 6K
- 3de – 5D

100% Parkies

8. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 10 Februarie: Kosie Joseph
- 11 Februarie: Anita Smit en Hennie Otto

9. Valentynsdag – 14 Februarie

Ons beloningsdag val saam met Valentynsdag. Leerders mag volgende Vrydag gewone klere aantrek. Onthou dat gepaste kleredrag in valentynskleure (wit, pienk, rooi, swart, ens.) gedra moet word. Daar sal ook verkope van verskillende eetgoed en produkte op die dag plaasvind. Leerders kan 'n geldjie saambring daarvoor.

10. CSV – Save Our Souls (SOS)

Elke Vrydagoggend om 07:00-07:25 kom ons in die saal bymekaar om saam te sing en 'n geestelike boodskap te ontvang. Alle leerders is welkom.

11. Klub 100 Manne-aand

Klub 100 bied 'n Manne-aand aan op Saterdag, 1 Maart. Dit beloof om 'n heerlike aand van rugby gesels en kuier te wees. Pappas wat belang stel om 'n tafel of enkel kaartjies te bespreek moet gou spring voordat alle kaartjies uitverkoop is (sien die advertensie onderaan).

Sistemiese uitslae – 2024

Graad 3

Wiskunde

	Slaagpersentasie (50%)	Gemiddeld
Laerskool Park	**100%**	**91,6%**
Kwintiel 5 skole	74,9%	65%
Wes-Kaap	55,9%	53,3%

Taal (Afrikaans)

	Slaagpersentasie (50%)	Gemiddeld
Laerskool Park	**93,8%**	**75,3%**
Kwintiel 5 skole	67,1%	58,4%
Wes-Kaap	45,5%	45,6%

Graad 6

Wiskunde

	Slaagpersentasie (50%)	Gemiddeld
Laerskool Park	**93,2%**	**74,8%**
Kwintiel 5 skole	69%	60,9%
Wes-Kaap	41,5%	45,8%

Taal (Afrikaans)

	Slaagpersentasie (50%)	Gemiddeld
Laerskool Park	**85,2%**	**66,2%**
Kwintiel 5 skole	69,5%	57,1%
Wes-Kaap	41,5%	43,1%

LAERSKOOL PARK
KLUB 100

Standard Bank

FRANS STEYN
RUAN PIENAAR

MANNE-AAND

SATERDAG, 1 MAART 2025

MOSSELBAAI STADSAAL
18:00 - 23:00
R 7 500 PER TAFEL VAN 10
OF R800 PER PERSOON
ETE EN DRANKIES INGESLUIT

VIR TAFELBESPREKINGS
KONTAK:
082 777 5250
park100@lspark.co.za

JAKKALSVLEI
PRIVATE CELLAR

VALENTINE'S PICNIC

at Jakkalsvlei

FRIDAY ♥ 14 FEB	SATURDAY ♥ 15 FEB
16:00 - 19:00	12:00 - 16:00

R750 per couple

Picnic includes:

Welcome drink - A glass of of Jakkalsvlei Vonkel Chenin.

Gourmet Meats, Biltong, Ostrich Liver Pâté, Breadsticks, Biscuits, Camembert, Smoked Mozzarella, Hummus, Olives, Figs & Onion Marmalade, Smoked Salmon Cheesecake.

Sandwich with beef fillet strips with homemade bearnaise sauce.

Macarons & Brownies for dessert.



Is jy 'n ouer wat wil hê dat jou kind **selfvertroue** ontwikkel en sy **Wiskunde potensiaal bereik**?

GrR - Gr6

Ek help kinders van alle vermoëns om hulle skoolwerk te bemeester, goeie begrip te ontwikkel en om 'n stewige basis vir later jare te bou.

VIR MEER INLIGTING:

Stuur 'n WhatsApp na **Annabelle**
082 773 0702

Ek sal graag die geleentheid wil hê om met jou kind te werk.

mikimaths

Vir die slim ouer en slim kind wat die waarde oor die langtermyn verstaan.

www.mikimaths.com

Car Care Clinic

MOSSEL BAY Service Centre

★★★★★ 5 STAR GRADED WORKSHOP

LET US
SERVICE, REPAIR & MAINTAIN
YOUR VEHICLE FOR YOU

: 044 124 0220 : 079 202 2415

Email: mosselbay@carcareclinic.co.za

Address: 30 A Industrie Rd, Voorbaai, Mossel Bay

RMI miwa PAYJUSTNOW Right to Repair Supporting Workshop

BOOKINGS CAN BE MADE ON OUR WEBSITE www.carcareclinic.co.za

SUID-KAAP JAGTERS- EN BEWARINGSVERENIGING
SOUTHERN CAPE HUNTERS AND CONSERVATION ASSOCIATION



Veldskool 28 - 30 Maart 2025

Indien jy 10 jaar en ouer **en in die laerskool** is, moet jy seker maak dat jy hierdie unieke geleentheid nie misloop nie. Slegs die eerste 25 leerders word aanvaar. Stuur 'n boodskap om jou plek te bespreek!

Veldskoolgroete
Oom Fermi

: 072 444 8236 E-POS: meyerfermi@gmail.com WEB: www.suidkaapjagters.co.za

Respek bou sterk verhoudings!

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen,
selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS